

KOMMUNIKAMMA 25 JULIE 2021



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS van die WEEK

Psalm 27: 1 & 3.

“Die Here help my deur my donkerste krisis. Sy hulp is soos ‘n lig wat ‘n mens in ‘n pikdonker kamer aanskakel. Hy red my. Omdat Hy my help, is daar niks waarvoor ek bang is nie. Die Here beskerm my. Waarvoor sal ek dan bang wees? Al staan ek alleen teen ‘n hele leër soldate, sal ek geen bang haar op my kop hê nie. Ook al trek ‘n hele weermag teen my op en val my aan, sal ek steeds op die Here vertrou”. (Die Boodskap)

SAKE vir GEBED:

- Die derde kwartaal begin amptelik môre vir skole en vir van die ander opvoedkundige instansies – bid dat dit ‘n voorspoedige en rustige kwartaal sal wees.
- Ons is almal geskok deur die tragiese verwoesting wat in ons land plaasgevind het. Bid teen die bese magte wat verantwoordelik is vir die vrees, vernietiging en terreur. Dink ook aan ons president en al die leiers in ons land wat weer orde en stabiliteit en bemoediging skep.
- Dra alle veiligheidspersoneel aan die Here op.
- Dank God vir die lieflike reën wat geval het, maar ons water toestand bly in ‘n krisis en ons pleit by ons Vader om genadig te wees en nog reën vir ons te stuur.
- Treë vir ons gesondheidswerkers in wat so getrou voortgaan om vir almal wat siek is te versorg. Bid ook vir al die Covid-19 gevalle. Vir mense wat lank in die hospitaal en vir die inentingsprogram.
- Dink aan die families wat geliefdes tuis versorg en waar geliefdes oorlede is gedurende hierdie tyd. Ook vir die wat Covid-19 onderlede gehad het en wat sukkel met die nagevolge daarvan. Van hulle kry baie swaar.
- Gert en Elizma Harmse. Hy is nog baie siek in die hospitaal.
- Theresa Lombard, en haar moeder, tannie Charlotte, Adèle Landman en Helene Herbst wat siek is.
- Bertie Nelmapius en familie met die afsterwe van haar man, Boots.
- Gert Oosthuizen en familie met die afsterwe van sy vrou, Elsa.
- Bid vir ds Toit Wessels en sy vrou Odette wat nou reg maak om by ons gemeente aan te sluit.
- Ons bid vir elke gemeentelid se veiligheid en gesondheid. Mag God julle beskerm en vrede gee.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

“Ons bid hierdie week saam met alle bekeerlinge in **Turkye** wat onder druk is vir hul geloof in Jesus, dat hulle sal vasstaan en sal groei in hul liefde vir Jesus en dat hulle beskerm word.”

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

As gevolg van die vlak 4 inperking, mag daar geen fisiese erediens tans plaasvind nie. Die skakel na Sondag se erediens word per Whatsapp en ook op Facebook uitgestuur, of jy kan dit op ons Youtube-kanaal kry by <https://www.youtube.com/c/KraggakammaGemeente>

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 25 Julie

07:00 AANLYN EREDIENS

Skriflesing: 2 Kor 13:5-13

Tema van Erediens: Ons is ontmasker.

Maandag 26 Julie

Skole Open

12:45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

Dinsdag 27 Julie

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R226 400 gebruik om kos aan te koop.

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Woensdag 28 Julie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Vrydag 30 Julie

05:00 MANNEGROEP

Die mannegroepbyeenkoms zoom steeds. Die besonderhede word op die manne se WhatsApp groep uitgestuur.

Indien jy wil deel word van die groep, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

Sondag 1 Augustus

Die bywoning van die erediens en kategese sal bepaal word deur die inperkingsvlak en regulasies wat deur die President aangekondig sal word.

BOURESERWEFONDS

Ons geboue is 'n getuie dat ons God se fontein van liefde is. Die kerkkompleks nodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Die totaal van die herstel- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.

Baie dankie vir die baie groot anonieme bydraes wat ons ontvang het. Verbeterings aan die Gazaniastraat pastorie nader voltooiing.

Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir jou geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die Bou- en verbeteringsfonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

25 Julie	Joubert Nell, Elize van den Berg en Justin Wilken
26 Julie	Yolande Jacobs, Flippie Smit, Hendrik Stroebel, Alta Strydom
27 Julie	Arin Coetzer, Charlie Meiring en Francois Vlok
28 Julie	Savannah Matthee en Yolandi van der Merwe
29 Julie	Henro Beukes, Cheryl Coetzer, Martin le Roux, Gesina Lotter en Johan Meiring
30 Julie	Benita Poovan
31 Julie	Monique Pozyn en Gene Toerien



DANKOFFER

Die derde maand van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met 'n klein surplus, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van SnpScan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005



STAP OF DRAF VIR HOOP

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) bied met dankbaarheid die tweede Virtuele Draf/Stap/Fietsry vir Hoop aan op DV 21 en 22 Augustus 2021. Elke deelnemer se inskrywingsgeld van R100 is 'n bydrae tot ons 2 Miljoen Bybels projek. Daarmee word elke deelnemer 'n saaiër van hoop. Individue kan inskryf deur te registreer en elektronies te betaal op die inskrywingsplatform. Toegang tot die platform word verkry deur gebruik te maak van een van die volgende skakels. Vanweë die effek van Covid-19 en die huidige onrus in die land, was ons genoodsaak om al die fisiese stap/draf/fietsry byeenkomste uit te stel. Ons hoop om dit by 'n ander geleentheid wel te kan aanbied. Die virtuele geleentheid gaan egter volstoom voort. Skryf asseblief in.

Webblad: <https://www.modernathlete.co.za/event/virtual-run-cycle-for-hope/>

Facebook: <https://fb.me/e/4j1OK1ohV?ti=wa>

AANGEBIED DEUR
BYBELGENOOTSAP
VAN SUID-AFRIKA

<https://www.modernathlete.co.za/event/virtual-run-cycle-for-hope/>

**STAP/DRAF/
FIETSRY**

**VIR
HOOP**

21&22 AUGUSTUS

**EIE TYD
ENIGE PLEK**

BORGE
OCEANS
BOUTIQUE GUEST HOUSE | LUXURIOUS APARTMENTS

LAFFIES

MODERN athlete

ksm